**Johannes die Doper getuig oor die groot verlossing**

**Joh 1:19-34**

**26 Januarie 2025**

1. Vantevore: Die Here Jesus was in die begin reeds by God, was reeds God. Hy is die Skepper, die Lig, en die Lewe. Hy het vlees geword. Hy openbaar die heerlikheid van God aan ons.
2. Na 400 van stilte, verskyn Johannes die Doper op die toneel as profeet
3. Johannes maak hoop op verlossing wakker (Joh 1:19-23)
    a. Johannes se optrede het reeds groot belangstelling onder die volk wakker gemaak
    b. Nou wil die afgevaardigdes van die leiers weet: "Wie is u?"
        - Johannes is nie die Christus nie
        - Johannes is nie Elia nie (vgl profesie in Mal 4:5, Jesus het wel Johannes gesien as die vervulling van die profesie – Mat 11:14)
        - Johannes is nie dié profeet (Moses) nie (vgl profesie in Deut 18:15)
    c. Johannes is wel die een wat roep: "Maak die pad van die Here reguit" (vgl Jes 40:3)
        - Die pad moet gereedgemaak word vir die komende verlossing, bekendmaking van die heerlikheid van God (Jes 40:5), die koms van die Here (Jes 40:9c-12)
    d. Aan watter tipe verlosser het jy 'n behoefte?
4. Die gesag waarmee Johannes optree, word bevraagteken (Joh 1:24-28)
    a. Fariseërs wil weet: "Waarom doop u dan?" – dus, wie gee aan jou die gesag?
    b. Johannes se antwoord: Daar is Iemand wat groter is as hyself in hulle midde – wees eerder bekommerd oor Hom
    c. Fariseërs is blind om die Here Jesus te kan raaksien – soos alle sondegevalle mense
5. Die groot Verlosser (Joh 1:29)
    a. Johannes wys Jesus aan: "Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!"
        - Jesus is vervulling van die OT offers (vgl Lev 17:11, Jes 1:11)
        - Jesus is vervulling van die sondebok / bloed in Allerheilgste op Groot Versoendag (Lev 16)
        - Jesus is vervulling van die plaasvervangende ram op Moria (Gen 22)
        - Jesus is vervulling van die skaap wat ter slagting gebring word (Jes 53:6-7)
    b. Hoe reageer jy op hierdie aanwysing van die Here Jesus?
6. Die Verlosser is deur God aangestel (Joh 1:30-34)
    a. Dit was belangrik dat Johannes oortuig was: Jesus is die Lam van God (vgl Mat 11:3)
    b. Johannes was nie altyd bewus Jesus is die Lam van God nie (v31)
    c. Hoe het Johannes tot die oortuiging gekom?
        - Tydens die doop van Jesus was daar stem uit die hemel: Dit is My Seun (Mat 3:13-17)
            - Aangekondig in Ps 2:7; vervul in Mat 3:17 en 17:5; geïnterpreteer in Heb 1:5 en 5:5
        - Gees van God het op die Here Jesus neergedaal soos 'n duif (vgl Jes 42:1)
    d. Jesus gaan ook met Heilige Gees doop – effektiewe verlossing van sondeskuld en sondegeneigdheid
7. Opsommend
    a. Is jy oortuig: Jesus is die Lam van God wat jou sondes wegneem?
    b. Op grond waarvan is jy oortuig?